

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appèl nr.: A82/2012

In die appèl tussen:

SEUN ELIAS MNGUNI
TSEPO NHLAPO

1ste Appellant
2de Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: RAMPAL, WND RP *et* JORDAAN, R *et* LEKALE, R

UITSPRAAK: JORDAAN, R

AANGEHOOR OP: 20 MEI 2013

GELEWER OP: 30 MEI 2013

- [1] Die appellante is in die rondgaande hof te Kroonstad skuldig bevind aan roof met verswarende omstandighede, moord en verkragting onderskeidelik. Appellant nommer 2 is ook skuldig bevind aan aanranding gewoon. Tydens pleging van die misdrywe was appellant nommer 1, 16 jaar en 4½ maande oud en appellant nommer 2, 17 jaar en 10½ maande oud by benadering. Uit hoofde daarvan het die hof

derhalwe gesit as kinderhof in terme van die “Child Justice Act, nr 75 van 2008”.

- [2] Die appellante is elk op aanklagtes 1, 2 en 4 soortgelyke vonnisse opgelê, naamlik op die roof met verswarende omstandighede 8 jaar gevangenisstraf, op die moord aanklag, 20 jaar gevangenisstraf en op die verkragtingsaanklag, 15 jaar gevangenisstraf. Appellant 2 is ook op die aanrandingsklagte 6 maande gevangenisstraf opgelê. Die verhoorhof het gelas dat die vonnisse van beide so uitgedien word dat hulle ‘n effektiewe termyn van gevangenisstraf van 20 jaar uitdien. In terme van artikel 84 van voormelde wet het hulle ‘n reg op appèl wat hulle uitgeoefen het slegs met betrekking tot vonnis.
- [3] Hierdie appèl het derhalwe slegs te doen met die vonnisse opgelê aan die appellante.
- [4] Tydens vonnisoplegging op 9 Maart 2012 was appellant 1 ongeveer 17 jaar oud en appellant 2 reeds 18½ jaar oud. In terme van artikel 77 van voormelde wet is die bepaling van die wet met betrekking tot die oplegging van vonnis

van toepassing op persone wie tydens vonnis verrigtinge nog nie die ouderdom van 18 jaar bereik het nie. Meer in die besonder verwys artikel 77 van die wet uitdruklik na die datum van oplegging van vonnis as synde bepalend van die toepaslike ouderdom vir doeleindes van vonnis. Op daardie stadium was nog slegs appellant nommer 1 derhalwe onder die ouderdom van 18 jaar en 'n kind terwyl appellant nommer 2 reeds volwasse ouderdom bereik het.

[5] Wat die pleging van die misdrywe betref blyk dit dat die appellante die betrokke gesin op 'n plaas geval het, die man, 'n middeljarige persoon, noodlottig beseer het en ook die oorledene se moeder, 'n 84 jarige dame, beurtelings verkrag het. Daar is ook 'n aantal items tydens die aanval geroof. Die aanrandingsklag het betrekking gehad op die oorledene se eggenote wie voor die verhoor reeds oorlede is.

[6] Alhoewel aanvanklik namens die appellante aangevoer is dat die effektiewe termyn van gevangenisstraf van 20 jaar skokkend hoog en onvanpas is en voorgestel is dat 'n meer gepaste vonnis een van 18 jaar gevangenisstraf sou wees

in geval van appellant nommer 1 en 18½ jaar in geval van appellant nommer 2, het Mnr Nel tydens argument tereg toegegee dat dit nie sodanig verskil van die effektiewe opgelegde vonnisse dat dit as 'n wesenlike verskil aangemerkt kan word wat bloot op grond daarvan inmenging regverdig nie.

- [7] Mnr Nel het hoofsaaklik betoog dat die hof fouteer het deur nie die vonnisopsie vervat in artikel 76 van voormelde wet uit te oefen en die appellante ten minste vir die eerste gedeelte van die termyn van aanhouding te verwys na 'n kindersorgsentrum soos bedoel in artikel 76 van die wet nie. Hy het betoog dat die verhoorhof fouteer het om nie te gelas dat die appellante in sodanige sentrum vir verpligtende aanhouding geplaas word vir 'n tydperk waarna hulle weer voor die hof sou verskyn om te beslis oor hulle voortgesette aanhouding in 'n gevangenis nie. Inderdaad is betoog dat die verhoorhof nie voldoende aggeslaan het op die bepalings van voormelde wet met betrekking tot vonnisopsies en vonnisoplegging nie.

- [8] Ten opsigte van beide appellante is voorvonnissverslae verkry en aan die hof voorgelê vir doeleindes van oorweging van vonnis. Ten opsigte van beide meld die proefbeampte verslae dat nie een van die twee werklike berou toon nie en dat sodanige berou, indien dit sou bestaan 'n voorvereiste sou wees vir alternatiewe vorme van aanhouding buite die gevangenis. In die verslae word dan ook direkte gevangenisstraf aanbeveel.
- [9] In sy uitspraak op vonnis het die verhoorhof inderdaad die alternatiewe opsies soos onder andere vervat in artikel 76 van die wet in oorweging geneem. Die verhoorhof het tot die gevolgtrekking gekom dat die aanhouding van appellante in 'n kinder en jeugsorgsentrum nie 'n gepaste vonnis is nie en dat die enigste gepaste vonnis direkte langtermyn gevangenisstraf is. Die argument dat die verhoorhof nie voldoende rekening gehou het by die bepalinge van die wet by oplegging van vonnis nie kan derhalwe nie water hou nie en wys die uitspraak op die teendeel.

[10] Die appellante was welliswaar jeugdig tydens pleging van die misdrywe maar aan die ander kant was appellant 1 bykans 18 jaar oud tydens oplegging van vonnis en appellant 2 reeds meerderjarig. Hulle is skuldig bevind aan verskeie ernstige misdrywe wat met groot mate van geweld en geweldadige optrede gepaard gegaan het. Daar kan geen twyfel wees dat die misdrywe wat hulle gepleeg het 'n langtermyn van gevangenisstraf vereis het nie. Weens hulle gebrek aan berou en insig in hul wandade sou dit myns insiens geen doel dien om hulle vir 'n relatiewe kort gedeelte van die totale vereiste aanhoudingstydperk onder verpligte aanhouding in 'n jeugsorgsentrum te laat aanhou nie. Inteendeel is ek van mening dat dit tot nadeel van ander aangehoudendes in sodanige sentra kan wees indien die appellante, synde geweldadige misdadigers, tesame met sodanige ander jeugdiges aangehou word en aan hulle blootgestel word.

[11] Die verhoorhof het met betrekking tot vonnis 'n diskresie om 'n gepaste vonnis in die omstandighede van 'n saak op te lê en die magte van 'n hof van appèl om daarmee in te meng is slegs beperk tot gevalle waar daar 'n

wanvoorligting begaan is of waar die vonnis so skokkend onvanpas is dat inmenging geregverdig word. Daar is reeds daarop gewys dat daar hoegenaamd nie gesê kan word dat die vonnisse skokkend onvanpas is nie en myns insiens is daar ook geen mistasting aangetoon wat deur die verhoorhof begaan sou wees nie. Al die relevante faktore met betrekking tot vonnisoplegging en vonnisopsies is behoorlik deur die verhoorhof in oorweging geneem en kan die verhoorhof se benadering nie fouteer word nie. Soos reeds gemeld was appellant nommer 2 tydens vonnisoplegging reeds meerderjarig en appellant nommer 1 enkele maande vanaf bereiking van die ouderdom van 18 jaar af. Waar dit duidelik is dat hulle vir 'n wesenlike tyd in die gevangenis sal moet deurbring sou dit geen doel dien om hulle vir 'n relatiewe kort tydjie in 'n jeugsorgsentrum te laat aanhou nie.

- [12] Ons is deur Mnr Nel namens die appellante versoek om riglyne neer te lê met betrekking tot die vraag wanneer dit gepas sou wees om, by die vonnis van jeugdige misdadigers, sodanige jeugdiges in terme van artikel 76 van die wet te verwys vir verpligte aanhouding in 'n

jeugsorgsentrum. 'n Gepaste vonnis vir jeugdige misdadigers, soos vir enige ander misdadiger, is iets wat afhang van die spesifieke omstandighede van elke saak sowel as die spesifieke omstandighede van die betrokke misdadiger. In hierdie verband het 'n verhoorhof 'n wye diskressie om na gelang van die omstandighede van elke geval 'n gepaste vonnis te oorweeg. Ek meen nie dat dit moontlik of dienlik is om te poog om by wyse van riglyne 'n algemene voorskrif daar te stel waardeur bes moontlik die diskresie van 'n verhoorhof by vonnisoplegging aan bande gelê kan word nie. Intendeel is ek van mening dat dit gevaarlik sou wees om sodanige riglyne *in vacuo* te probeer neerlê sonder verwysing na spesifieke omstandighede wat tans aan ons onbekend is. Ons kan derhalwe nie aan die versoek voldoen nie. Die verste wat gegaan kan word is om te bevind dat daar in die huidige saak en in die huidige omstandighede nie voldoende regverdiging is vir inmenging met die verhoorhof se diskresie by vonnisoplegging nie en daar onvoldoende gronde is om te bevind dat die verhoorhof inderdaad 'n gedeelte van die vonnis ooreenkomstig artikel 76 moes oplê.

[13] Ek is derhalwe nie oortuig dat die appèl kan slaag nie maar van mening dat die appèl van beide appellante afgewys behoort te word.

A. F. JORDAAN, R

Ek stem saam.

L. J. LEKALE, R

Ek stem saam en die appèl van beide appellante word afgewys.

M. H. RAMPAL, WND RP

Namens die appellante: Adv. P. W. Nel
In opdrag van:
Regsentrum
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. J.P. du P Botha
In opdrag van:
Die Direkteur: Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN